



Ouers in Harmonie

Volume 2, Mei 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Liewe Ouers,

Wat 'n ongelooflike positiewe reaksie oor ons eerste *Ouers in Harmonie!*

Baie dankie vir julle terugvoering - dit laat my sommer uitsien na die volgende uitgawes!

Ek wil julle weereens uitnooi om my te kontak met jul idees of vrae. As jy dit nie per epos kan doen nie, skryf gerus 'n briefie en gooi dit in die posbus by die Kerkkantoor - merk die koevert vir my aandag en skryf '*Ouers in Harmonie*' daarby. Ek sal dit by die kantoor gaan afhaal.

In hierdie uitgawe kyk ons bietjie na die hele aspek van die woord *harmonie*.

Dis 'n woord wat vir verskillende mense verskillende betekenis het, afhangende van jou verwysingsraamwerk of jou omstandighede en behoeftes op daardie spesifieke tydstep in jou lewe.

Voordat jy verder lees, dink gou watter

assosiasies jy aan hierdie woord heg?

- Mooi musiek, vrede, stilte, die natuur...?

Die woordeboekbetekenis sinspeel op eensgesindheid, ooreenstemming of saamstem of selfs versoening.... - nou dink jy seker: "...Huh??"

Toemaar, ons gaan dit nie so ingewikkeld maak nie, moenie bekommerd wees nie!

God se skepping is 'n baie goeie voorbeeld van perfekte harmonie - hoe dinge in 'n baie spesiale orde werk - dink maar net aan die invloed van die maan op die seegetye - baie belangrik vir elke visserman om te weet!

Saam in Sy diens,

Lita

NS: Die afskeurstrokie hieronder is behou, sodat julle dit gerus met jul vriende kan deel, selfs al is hulle nie in ons gemeente nie.

Notas vir die yskas

Datums vir Kleuterkerk en Junior Kategese:

- **8 Mei** - Gelukkige Moedersdag! Kinders tree in die kerk op as deel van die Moedersdag-diens
- **15 en 29 Mei** - Gewone byeenkomste
- **22 Mei** - Gesamentlike Kinderdiens in die Kerk
- **5 Junie** - Gewone byeenkoms
- **12 Junie** - Werkswinkel in Saal
- **24 Julie** - Begin van die Derde Kwartaal

Harmonie in ons verhoudings

Ds Pieter Oosthuizen van die **NG Kerk Lynnwoodrif** skryf op sy blog dat sommige mense die betekenis van harmonie in 'n verhouding sien as dat 'ons uit een mond praat, dieselfde dinge sê', wat werklik nie die geval is nie.

Soos hy tereg verder opmerk: "[**Harmonie beteken**] juis dat daar twee of meer stemme sal wees. Soos in 'n koor, of 'n orkes. Harmonie beteken om verskillende stemme / klanke so in te span dat die klank daarvan voller en mooier op die oor sal val."

Ons verhoudings moet dus soos musiek wees wat in totaliteit 'n harmonieuse klank laat opstyg as 'n loflied tot God se eer!

Die gedeelte wat hy aanbeveel vir verdere leeswerk, is:

Efesërs 5:19 tot 6:4

Kyk gerus daarna en toets jou verhoudings daaraan - veral dié met die mense naaste aan jou, soos jou ouers, jou man / vrou, jou kinders, ens.

Is jy deel van 'n simfonie-orkes of raas jy in die 'garage-band' wat 'n steurnis vir jou bure of medegelowiges is?

Ouer-Oase

- **26 Mei 2011**

Elke laaste Donderdag van die maand is dit tyd vir ons Ouer-Oase.

DVDs word in saal vir kinders gewys, so julle is welkom om die kinders saam te bring.

Moenie hierdie kans laat glip om met ander ouers te deel nie!

Hulle kan van jou leer en jy weer van hulle!

Ja, ek/ons stel belang om *Ouers in Harmonie* te ontvang. Stuur dit asseblief vir my/ons soos hieronder aangedui:

Naam en van:

Posadres:

of per e-pos:

Onderwerpe waarin ek/ons belangstel:

.....



Ouers in Harmonie

Volume 2, Mei 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



The Touch of the Master's Hand - Myra Brooks Welch

It was battered and scarred,
And the auctioneer thought it
hardly worth his while
To waste his time on the old violin,
but he held it up with a smile.

"What am I bid, good people", he cried,
"Who starts the bidding for me?"
"One dollar, one dollar, Do I hear two?"
"Two dollars, who makes it three?"
"Three dollars once, three dollars twice, going
for three,"

But, No,
From the room far back a gray bearded man
Came forward and picked up the bow,
Then wiping the dust from the old violin
And tightening up the strings,
He played a melody, pure and sweet
As sweet as the angel sings.

The music ceased and the auctioneer
With a voice that was quiet and low,
Said "What now am I bid for this old violin?"
As he held it aloft with its' bow.

"One thousand, one thousand, Do I hear two?"

"Two thousand, Who makes it three?"
"Three thousand once, three thousand twice,
Going and gone", said he.

The audience cheered,
But some of them cried,
"We just don't understand."
"What changed its' worth?"
Swift came the reply.
"The Touch of the Masters Hand."

And many a man with life out of tune
All battered with bourbon and gin
Is auctioned cheap to a thoughtless crowd
Much like that old violin

A mess of pottage, a glass of wine,
A game and he travels on.
He is going once, he is going twice,
He is going and almost gone.

But the Master comes,
And the foolish crowd never can quite
understand,
The worth of a soul and the change that is
wrought
By the Touch of the Masters' Hand.

Net hierdie 5 reëls:

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jousef
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. T r e e a l t y d toepaslik op

- Anoniem -

Nota:

Die "huisreëls" hierbo het Malinda Rademeyer tydens 'n kursus by iemand gekry - kyk bietjie na die waarde hiervan en meet jou eie familie- of huisreëls hierteenoor...

'n Mens kan werklik elke tipe reël of standaard waaraan jy kan dink, hier inlees.

Dalk is dit 'n goeie idee om hierdie 5 punte op 'n prominente plek in jou huis te hang en jou kinders (en jousef) geduring hieraan te meet.

Iets wat visueel sigbaar is en gedurigdeur bespreek word, sal op die ou end ook makliker onthou en toegepas word!

Treat people as if they were what they ought to be and you help them become what they are capable of being.

Johann Wolfgang von Goethe

Harmonie in die huis

As ek aan **harmonie** dink, is hierdie gedig van Myra Brooks Welch die eerste ding wat in my gedagtes kom lê.

Weliswaar kan ek nie die hele gedig onthou nie, maar die storie wel.

Is dit nie presies wat God met elkeen van ons doen nie?

Hy is die Een wat ons gemaak het en weet presies wie en wat ons was, nou is en ook gaan wees in die toekoms.

En die beste van alles is dat Hy nie moed opgee met ons nie en ook nie ophou om aan ons te werk nie....!

In Sy Hande is ons baie meer werd as wat ons self kan verstaan of soms wil glo.

Kyk bietjie na die boodskap in Filippense 1:6 -

Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

Filippense 1:6

Is dit nie ongelooflik verstommend dat God, wat die heelal geskep het, steeds elke dag die moeite doen om tyd saam met ons deur te bring, sodat Hy verder aan ons kan werk om uiteindelik te sorg dat ons in volle harmonie saam met Hom die

vreugde van die Ewige Lewe kan geniet nie?

Hy was selfs bereid om Jesus vir ons te gee, sodat die volle glorie van die uiteindelijke 'simfonie-uitvoering' nie by ons sou verbygaan nie.

As ons dan nou ons gesin of familie in 'n 'simfonie-orkes' wil verander, hoe doen ons dit?

Hoe is dit moontlik om enige huisgesin te bestuur op so 'n manier dat daar op die ou einde 'n harmonieuse saamwees moontlik is?

Dié van julle wat 2-3-jariges of tieners in die huis het, sug seker nou en dink dis onmoontlik!

...vervolg op bladsy 3



Ouers in Harmonie



Volume 2, Mei 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid

The Concert - Don't Quit, Keep Playing - Anonymous (received via email)

When the house lights dimmed and the concert was about to begin, the mother returned to her seat and discovered that the child was missing.

Suddenly the curtains parted and spotlights focused on the impressive Steinway piano on stage. In horror, the mother saw her little boy sitting at the piano, innocently picking out "Twinkle, Twinkle Little Star".

At that moment, the great piano master, *Paderewski*, made his entrance, quickly moved to the piano and whispered in the boy's ear, "*Don't quit. keep playing*".

Then, leaning over, Paderewski reached down with his left hand and began filling in a bass part.

Soon his right arm reached around to the other side of the child and he added a running obligate.

Together, the old master and the young novice transformed what could have been a frightening situation into a wonderfully creative experience.

The audience was so mesmerized that they couldn't recall what else the great master played.

Only the classic, "Twinkle, Twinkle

Little Star."

Perhaps that's the way it is with God.

What we can accomplish on our own is hardly noteworthy. We try our best, but the results aren't always graceful flowing music.

However, with the hand of the Master, our life's work can truly be beautiful.

The next time you set out to accomplish great feats, listen carefully... you may hear the Master's voice whispering in your ear, "*Don't quit, keep playing*".

Harmonie in die huis (...vanaf bladsy 2)

Ja, dis nie maklik nie, maar dis moontlik!

Kom ons kyk na praktiese dinge om die simboliek van die simfonie-orkester verder te neem en in ons gesinsverband toe te pas.

- Daar moet 'n dirigent wees wat dinge bymekaar hou en die leiding gee - laat dus toe dat die Groot Dirigent jou lei
- Ons **bepaal ons prioriteite en hiërargie** in die orkester, sonder om uit die oog te verloor dat **ons saam beter moet wees** as elkeen op ons eie
- **Ken jou bladmusiek** (Bybel) en die **riglyne** (sagter, vinniger, stadiger...)
- **Konsekvente** reëls is baie belangrik! As jy die bladmusiek se reëls of riglyne elke dag verander, gaan die musiekstuk nie harmonieus wees nie!
- Kinders (en ons ook) **voel veilig wanneer ons ons rolle ken** - dus watter deel van die musiek ons verantwoordelikheid is en hoe ons dit moet speel
- **Respek** vir mekaar en ons goed is 'n kwaliteit waarsonder 'n orkester nie kan funksioneer nie!

- Onthou om mekaar **aan te moedig - moenie moed opgee nie!**
- Bring **kwaliteits** tyd saam deur - lees saam stories, kyk saam na mooi films, eet saam om 'n gedekte tafel, maak saam kos, pluk saam blomme en lees saam Bybel
- **Hou aan** om jou musiekstukke te **oefen** - "practice makes perfect"

Dit is ongelooflik hoe kinders letterlik **blom** wanneer hulle weet dat hul ouers **in hulle glo en hulle aanmoedig**.

Lees gerus die storie van die konsert - dit is so sprekend van hoe ons kinders **blom** as hulle **iemand** het wat hulle **ondersteun, in hulle vermoëns glo en** bereid is om hulle deur hulle angsvolle ondervindinge te dra.

In plaas daarvan om jou vrese oor hul toekoms op hulle oor te dra, moedig dus aan en gee leiding - **dis jou werk as ouer!** Jy het mos darem jare se ondervinding oor die lewe...

Ja, ek verstaan dat kinders soms net hoor wat hulle wil en ook vergeet - ons het dit ook maar gedoen toe ons jonk was. Maar dit bly belangrik dat hulle weet dat ons in hulle glo en hulle liefhet en altyd daar is vir hulle - selfs

al is dit in die middel van die nag.

Pa,

- Sê jy gereeld vir jou meisiekind dat sy mooi is?
- Vryf jy soms jou seunskind se hare deurmekaar en sê dat jy trots is op hom?

Ma,

- Vertel jy jou meisiekind genoeg dat jy trots is op die vrou wat sy besig is om te word?
- Druk jy jou seunskind genoeg - al lyk dit of hy nie daarvan hou nie?

Een van die mees basiese menslike behoeftes is **erkenning** - lees maar op Wikipedia die welbekende Maslow-teorie (http://en.wikipedia.org/wiki/Maslow's_hierarchy_of_needs).

As jou kind **geborge en veilig** voel by die huis oor **versekerde ouerliefde, standvastige reëls, konsekvente dissipline**, dan kweek jy 'n kind wat emosioneel sterk is en selfversekerde besluite kan neem.

En dan speel jou huisgesin as 'n volledige simfonie-orkester selfs die moeilikste musiekstukke!



Ouers in Harmonie



Volume 2, Mei 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid

Vir die Fliekvlooi en Boekwurms...

Daar is min dinge wat so lekker is as om, met 'n groot bak springmielies op jou skoot, in die winter op te krul op die bank en jou eie keuse DVD te kyk, of (sonder die springmielies natuurlik) 'n lekker dik boek te lees...

Of jy dit alleen doen en of jy dit saam met jou geliefde of jou gesin doen, maak nie regtig saak nie!

Dis die genot van **iets vir jouself doen op jou tyd en volgens jou keuse** wat eintlik belangrik is!

Soos alreeds die afgelope paar jaar met ons onderwysstelsel en sy eiesoortige probleme bewys is, lees ons kinders te min en beskik 'n groot klomp van hulle nie oor die nodige leesvaardighede nie - veral nie die 'lees-met-begrip-deel' nie.

Wie van julle onthou nog die eindelose **Begriptoetse** wat ons op skool gedoen

het? Ek besef maar al te goed dat ons in ander tye leef, maar basiese leesvaardighede is tog iets wat elke kind moet baasraak om te vorder op skool en later ook in die lewe.

Die TV en rekenaar (dikwels in kinders se kamers) is instrumente wat dikwels ons familietyd oorneem - dink maar net aan hoeveel gesinne saans liewer voor die TV (tydens 7de Laan) sit en eet, ... en bewaar die een wat dan durf praat!

In elk geval, selfs al is nie een van ons 'n Leon van Nierop nie, weet ons darem wat ons ons kinders wil laat kyk of lees.

Ons kan dus **Ouers in Harmonie** gebruik om mekaar van goeie boeke of DVDs te laat weet - en sommer van dié waarvan ons ons kinders moet weghou ook!

Na alles, is die voorbeeld wat ons stel van geweldige groot belang vir ons kinders en natuurlik moet dit wat ons leef, en dit wat ons praat, bymekaar pas.

**Woorde wesk,
maar voorbeelde trek.**

'n Suksesvolle familie -

- **respekteer mekaar** se gevoelens en goed
- spandeer **kwaliteittyd** saam
- **gesels** met mekaar oor hul ervaringe
- **ondersteun** mekaar
- **bemoedig** mekaar
- **dra mekaar** in moeilike tye
- **droom saam** oor die toekoms
- **eet saam**
- **bid saam**



DVD: Music and Lyrics; Hugh Grant and Drew Barrymore

- **Ouertoesig word aanbeveel**

Ek het hierdie DVD saam met 'n vriendin in die snoesige atmosfeer van my sitkamer gekyk - terwyl dit buitekant heerlijk gereën het.

Die verhaal handel oor 'n popster (Grant) van die 80'ers wat al bietjie uitgedien is en nou nog net uitgenooi word om tydens skoolreünies te sing. Sy huishoudster is met verlof en reël dat 'n vriendin (Barrymore) sy plante kom watergee. Barrymore sukkel om van haar foute van die verlede weg te kom en weer selfvertroue in haar skryfvermoë te kry.

Grant moet binne drie dae 'n treffer vir 'n ander jong popkunstenaar komponeer en op die einde gooi hulle hul talente (taamlik onwillig) bymekaar en ontdek 'n paar lewenswaarhede in die proses. 'n Heel spitsvondige film. Die musiek wissel tussen vreemd en nostalgies, maar 'n heerlike romantiese film vir 'n aandjie van ligte vermaak! (PS: Ek sou 'n oudersdomsbepanking van 13 ook aanbeveel - bietjie kru taal en seksuele suggesties.)

Bediening vir Diens

Taakspanleier: **Kinders**

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnommer:

082 453 8421

E-pos:

lspreeth@sars.gov.za

Diensleier:

Peet Dorfling

Telefoonnommer:

084 464 7102

E-pos:

peet@productivitysa.co.za

Besoek ons gemeente se webwerf:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

Kyk onder **Die Koffiepot!**



Hou dié boekwurm dop vir volgende keer!

Gelukkige Moedersdag aan al ons Mamas!

Op 8 Mei hierdie jaar
gee ek my Mamma kans om te baljaar!
Sy mag later slaap en ek sal selfs vir haar 'n
blommetjie bring,
maar vanaand as ek in my bedjie klim,
soek ek Mamma aan my sy,
want met haar kan geen nagmerrie my kry!

As jy enige film wil toets om te sien of dit aan jou standarde voldoen, gebruik gerus hierdie webblad:
<http://www.kids-in-mind.com/>

Hulle gee riglyne in detail!